

**3 November**

**Psalm 145; (Teks: 145:8, 9, 17)**

***"Dis onregverdig..."***

Voel jy dat die Here jou soms onregverdig behandel? Of dalk nie vir jou nie, maar vir iemand anders? Baie mense voel dat die Here vir Job onregverdig behandel het deur hom soos 'n pion in 'n skaakspel met die duiwel te gebruik. Dalk het Job self so gevoel - dié dat Hy 'n regspraak teen die Here aanhangig wou maak.

Maar kom ons bekyk die vraag so 'n bietjie van 'n ander kant af. Sê nou maar jy moes kies of die Here jou met genade moet behandel en of Hy jou moet behandel soos wat jy dit verdien? Jy sou tog ook dadelik sê dat die Here jou eerder met genade moet behandel want ons weet tog dat niemand iets goeds voor die Here verdien nie. Inteendeel, ons verdien almal sy straf.

En dink nou 'n bietjie mooi. Wat sê jy eintlik as jy sê dat die Here jou (of iemand anders) onregverdig behandel? Wat jy eintlik sê, is dat jy (of iemand anders) verdien om beter behandel te word. En dit terwyl niemand van ons iets goeds van God verdien nie. Nee, wees eerder dankbaar vir die genade waarmee die Here jou wel behandel as wat jy kwaad word oor die onreg wat Hy jou kwansuis sou aandoen. Bowendien, die feit dat jy niks goeds voor die Here verdien nie, maak die feit dat die Here jou tog as sy kind aangeneem het en jou daagliks met sy Vaderliefde versorg, soveel meer van 'n rede om vandag en elke dag met dankbaarheid te leef.

Ds. D.F. Muller (Komatipoort)